Date : July, 22 , 2010 Publication : Beeld Page Number : 7

Dié buskaartjies steeds geldig, sê AfriForum

Fanie van Rooyen

AfriForum het gister in 'n verklaring aangekondig die Tshwane-metroraad het aan hulle bevestig buskaartjies wat voor 1 Julie aangekoop is, is steeds geldig.

Dít volg nadat AfriForum die Tshwane-metroraad met regstappe gedreig het as kaartjiehouers se kaartjies ongeldig verklaar sou word.

Mnr. Cornelius Jansen van Rensburg, AriForum-woordvoerder oor plaaslike regering, het in die verklaring gesê mnr. B.P. Mojapelo, direkteur van die Tshwane- munisipale busdienste, het AfriForum skriftelik verseker buskaartjies wat voor 1 Julie gekoop is, is steeds geldig.

Volgens dié skrywe moet jaarkaartjiehouers net aansoek doen om 'n nuwe permit wat deur die Tshwane-busdienste uitgereik sal word. Dít kom nadat kaartjiehouers op 1 Julie ingelig is dat hul kaartjies ongeldig is, wat baie mense gestrand gelaat het.

"AfriForum het van vele Pretoria-inwoners klagtes daaroor ontvang en namens die gemeenskap met die Tshwane-metroraad in gesprek getree," het Jansen van Rensburg gesê.

Volgens hom is dit jammer dat die raad nie uit die staanspoor behoorlik met die busbestuurders en pendelaars van Pretoria gekommunikeer het nie.